

**PARLIAMENT OF THE
PROVINCE OF THE
WESTERN CAPE**

=====

ORDER PAPER

=====

THURSDAY, 25 APRIL 2013

HOUSE: 14:15

INTERPELLATIONS AND QUESTIONS

QUESTIONS TO THE PREMIER WITHOUT NOTICE

Ms L Brown
Mr M G E Wiley
Mr Z C Stali
Mr M Ncedana
Ms A J du Toit Marais

STATEMENTS BY MEMBERS

MOTIONS

SUBJECT FOR DISCUSSION

1. Mr E J von Brandis: The desirability and impact/implications of toll roads in the Western Cape.

ORDER OF THE DAY

1. Consideration of Report of Budget Committee on the *Division of Revenue Bill* [B 2 – 2013] (NCOP), dated 17 April 2013 (See Announcements, Tablings and Committee Reports, p 51) (Ratification of final mandate).

FURTHER BUSINESS

NOTICE OF MOTIONS

1. Mr J J Visser: That the House, mindful of the important constitutional relationship between the National Council of Provinces and provincial legislatures, as well as the requirement of co-operative governance, debates the constitutional relationship between the NCOP and the provincial legislatures in South Africa.

2. Ms V Hani: That the House debates the looming claims and strikes surrounding the Bus Rapid Transport System in the City of Cape Town.
3. Ms A J du Toit Marais: That the House discusses the strategy, and the implementation of the strategy, of the Democratic Alliance to fight violence against women and children.
4. Mr M Skwatsha: That the House debates the failure of the Minister of Transport and Public Works in the Western Cape, Mr R V Carlisle, to properly deal with the taxi conflict in our province.
5. Mr M Ozinsky: That the House debates the fact that the Western Cape was the only provincial government not represented at the debate on the Deputy President's address to the National Council of Provinces last week, the week of 11 March 2013.
6. Ms C Labuschagne: That the House debates the results of the independent testing of learners in Grades 3, 6 and 9 and of the impact of that on the aims of education in the Western Cape.
7. Ms V Hani: That the House debates the failure of the Western Cape government, led by the Democratic Alliance, to properly support youth at risk in our province.
8. Ms A J du Toit Marais: That the House debates the successes of service delivery in respect of primary health care in the Western Cape.
9. Mr M Ncedana: That the House debates the filth in the residential areas of the poor communities in the City of Cape Town.
10. Ms N P Magwaza: That the House debates the inferior service delivery in poor areas in the Western Cape.
11. Ms C Labuschagne: That the House debates the School Improvement Plan of the Western Cape Education Department and the implications of this plan to enhance the provision of quality education to all learners in our province.
12. Ms M Tingwe: That the House debates the failure of education in the Western Cape with poor support to learners, shortages of facilities, lack of equipment at schools, shortages in learning materials, too few teachers and violence at our schools.
13. Ms C F Beerwinkel: That the House discusses the shutting down of the social and informal economy of the Western Cape by the administration led by the Democratic Alliance.
14. Mr P Uys: That the House—
 - (1) recognises the resounding victory of the African National Congress in a recent by-election in the Witzenberg Municipality; and
 - (2) congratulates the candidate of the ANC on gaining the ward previously held by the Democratic Alliance.
15. Mr M Skwatsha: That the House notes the re-election of President Jacob Zuma as the leader of the African National Congress, the appointment of a full national executive for the ANC, the endorsement of the National Development Plan as the blueprint going forward to improve the quality of the lives of the people of our country, and a successful national conference of the ANC at Mangaung held in December 2012.

**PARLEMENT VAN DIE
PROVINSIE
WES-KAAP**

=====

ORDELYS

=====

DONDERDAG, 25 APRIL 2013

HUIS: 14:15

INTERPELLASIES EN VRAE

VRAE AAN DIE PREMIER SONDER KENNISGEWING

Me L Brown
Mnr M G E Wiley
Mnr Z C Stali
Mnr M Ncedana
Me A J du Toit Marais

VERKLARINGS DEUR LEDE

VOORSTELLE

ONDERWERP VIR BESPREKING

1. Mnr E J von Brandis: Die wenslikheid en impak/implikasies van tolpaaië in die Wes-Kaap.

DAGORDER

1. Oorweging van Verslag van die Begrotingskomitee oor die *Wetsontwerp op die Verdeling van Inkomste* [W 2 – 2013] (NRVP), gedateer 17 April 2013 (Sien Aankondigings, Tertafelleggings en Komiteeverslae, bl 51) (Ratifikasie van finale mandaat).

VERDERE WERKSAAMHEDE

KENNISGEWING VAN VOORSTELLE

1. Mnr J J Visser: Dat die Huis, met inagneming van die belangrike grondwetlike verhouding wat tussen die Nasionale Raad van Provinsies en die provinsiale wetgewers bestaan, asook van die vereiste van samewerkende regering, debat voer oor die grondwetlike verhouding tussen die NRVP en die provinsiale wetgewers in Suid-Afrika.

2. Me V Hani: Dat die Huis debat voer oor die eise en stakings wat op die voorgrond tree en soos 'n wolk oor die Snelvervoerstelsel in die Stad Kaapstad hang.
3. Me A J du Toit Marais: Dat die Huis die strategie, en die implementering van die strategie, van die Demokratiese Alliansie om geweld teen vroue en kinders bekamp, bespreek.
4. Mnr M Skwatsha: Dat die Huis debat voer oor die versuim van die Minister van Vervoer en Publieke Werke in die Wes-Kaap, mnr R V Carlisle, om die taxi-konflik in ons provinsie op 'n behoorlike wyse te beredder.
5. Mnr M Ozinsky: Dat die Huis debat voer oor die feit dat die Wes-Kaap die enigste provinsie is wie se provinsiale regering nie verlede week, die week van 11 Maart 2013, by die debat oor die Adjunkpresident se rede voor die Nasionale Raad van Provinsies verteenwoordig was nie.
6. Me C Labuschagne: Dat die Huis debat voer oor die uitslae van die onafhanklike toetsing van leerders in Graad 3, 6 en 9 en van die uitwerking daarvan op onderwysdoelstellings in die Wes-Kaap.
7. Me V Hani: Dat die Huis debat voer oor die versuim van die Wes-Kaapse regering, onder leiding van die Demokratiese Alliansie, om die jeug wat aan risiko's en gevaar blootgestel is in ons provinsie behoorlik by te staan.
8. Me A J du Toit Marais: Dat die Huis debat voer oor die suksesse van dienslewering ten opsigte van primêre gesondheidsorg in die Wes-Kaap.
9. Mnr M Ncedana: Dat die Huis debat voer oor die vuilheid en gemors wat in die woongebiede van die arm gemeenskappe in die Stad Kaapstad aangetref word.
10. Me N P Magwaza: Dat die Huis debat voer oor die minderwaardige dienslewering wat algemeen in behoeftige gebiede in die Wes-Kaap voorkom.
11. Me C Labuschagne: Dat die Huis debat voer oor die Skoolverbeteringstelsel van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement en die implikasies van dié plan om die verskaffing van onderwys van 'n hoë gehalte aan al die leerders in ons provinsie aan te help.
12. Me M Tingwe: Dat die Huis debat voer oor die mislukking van onderwys in die Wes-Kaap, soos bewys deur swak ondersteuning aan leerders, tekorte aan fasiliteite, 'n gebrek aan toerusting by skole, tekorte aan leermateriaal, te min onderwysers en geweld by ons skole.
13. Me C F Beerwinkel: Dat die Huis die feit bespreek dat die administrasie onder leiding van die Demokratiese Alliansie besig is om die maatskaplike en informele ekonomie van die Wes-Kaap tot niet te maak.
14. Mnr P Uys: Dat die Huis—
 - (1) erkenning gee aan die klinkende oorwinning van die African National Congress in 'n onlangse tussenverkiesing in die Witzenberg Munisipaliteit; en
 - (2) die kandidaat van die ANC gelukwens met die inpalming van die wyk wat voorheen deur die Demokratiese Alliansie gehou is.
15. Mnr M Skwatsha: Dat die Huis kennis neem van die herverkiesing van president Jacob Zuma as die leier van die African National Congress, die aanstelling van 'n volle nasionale uitvoerende gesag vir die ANC, die onderskrywing van die Nasionale Ontwikkelingsplan as die bloudruk om in die toekoms die gehalte van die lewens van die mense van ons land te verbeter, en 'n geslaagde nasionale konferensie van die ANC wat in Desember 2012 in Mangaung gehou is.